



Rigters 15:18: Simson was baie dors en toe roep hy tot die Here: "U het hierdie groot oorwinning deur my moontlik gemaak. Moet ek nou van dors sterf en in die hande van die heidene val?"

Simson het in die krag van die Here 'n roemryke oorwinning oor die Filistyne behaal. Met niks meer nie as slegs die kakebeen van 'n donkie het hy duisend Filistyne doodgeslaan. Dit was iets geweldig -iets wat hy in blote menslike krag nooit kon verrig nie.

Nadat hy die magsdaad verrig het, het hy egter ontsettend dors geword. En uit alles wat in dié verband aan ons meegedeel word, is dit duidelik dat, as die Here hom nie gehelp het nie, hy gewis van dors sou gesterf het. In 'n gebed uit die diepte van sy hart het hy in sy nood die Here egter aangeroop en om hulp en redding gesmeek. Die Here het gehoor en deur 'n wonderdaad water uit 'n rots geskenk. Hierdeur wou die Here Simson, maar ook Israel, die Filistyne en alle gelowiges van alle tye leer dat lewe en dood in sy hand is.

Die gevaar het bestaan dat Simson na sy roemryke oorwinning oor die Filistyne kon begin roem het in sy eie krag en kon vergeet

het dat dit die Here was wat hom daartoe in staat gestel het. En daarom het die Here die vreeslike dors oor hom laat kom sodat hy kon beseef dat hy diep van God afhanklik is.

So maak die Here vandag ook nog met sy kinders. Heel dikwels word 'n vreugdevolle hoogtepunt in ons lewens gevolg deur 'n bitter en pynlike dieptepunt. Ons sou dit graag anders wou gehad het. Maar God ken die mens. Hy weet dat as dit sou gebeur, die mens baie gou sal vergeet dat alles wat hy bereik het net van die Here afkomstig is. En met die oog daarop dat God altyd duidelik in die prentjie van ons lewens kan bly, laat Hy die pynlike laagtepunte op die heerlike hoogtepunte volg. Want daar in die dieptepunt en die verliese in die lewe, dáár leer die mens om God werklik te soek en werklik tot Hom te bid.

HOOGTEPUNT EN DIEPTEPUNT



Publikasie
Publication



Nr./No.: H25